*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 2 Julie 2021*

***"There are two types of people – those who come into the room and say "Well, here I am!" and those who come in and say "Ah, there you are"" Frederick Collins***

## ESPIE EN HILDA FERREIRA

Verlede week was 'n baie hartseer tyd vir die gemeenskap van Patensie, omdat hulle Espie en Hilda Ferreira verloor het. Phillip Dempsey, CGA direkteur vir die streek, vertel dat Hilda groen vingers gehad het - wat sy ook al aangeraak het, het gegroei en geblom, en sy was by baie projekte betrokke wat die streek verfraai het. Soek die woord "doyen" op en jy sal sien dat dit "die mees gerespekteerde of vooraanstaande persoon in 'n bepaalde veld" beteken. Espie Ferreira was 'n doyen van die sitrusbedryf. Sy ondernemingsgees het beteken dat hy op sy eie gegaan het en 'n groot sukses van sy besigheid gemaak het in 'n tyd toe min sulke risiko's geneem het. Gedurende sy lewe het hy 'n beduidende onderneming opgebou - en hy is deur die hele suider-Afrika se sitrusbedryf gerespekteer. Die CGA het medelye met die Ferreira-familie en vriende betoon en wens hulle sterkte toe in hierdie moeilike tye.

## ANDILE MAWELL HAWES

Max Hawes was CGA se eerste Transformasie Bestuurder – hy is in Augustus 2003 aangestel. Verlede week het ons gehoor dat Max oorlede is - 'n groot skok vir ons almal. As die eerste Transformasie Bestuurder het Max die boustene gelê wat tot vandag se effektiewe portefeulje gelei het. In 2006 het Max berig oor 3 300 hektaar onder swart eienaarskap - dit het tot ongeveer 9 000 hektaar toegeneem. In sy vroeë dae het Max deur die land gereis, produsente ontmoet en hul behoeftes bepaal; meestal in sy Toyota Tazz, wat net so onder die 500 000 kilometer op die klok gehad het toe die "speedo" ophou werk het. Op kantoor het hy 'n aansteeklike lag en baie stories gehad. Ek het baie keer saam met hom gereis, en daar was nooit stilte nie; sy gunsteling onderwerpe was sy voorsate en natuurlike middels. Ons medelye aan die Hawes-familie en vriende.

## CHINA LYS 2021

Verlede week is CGA in kennis gestel dat die 2021-China lys goedgekeur is, en dat daar 'n infaseringsperiode tot einde Junie 2021 sal wees waartydens beide die 2020 en 2021 lyste van toepassing sal wees. DALRRD het die probleme met die 2021-lys uitsorteer - en van 1 Julie 2021 is die 2021-lys geïmplimenteer.
Dit was nie maklik om hierdie goedkeuring te kry nie, want die Chinese owerheid het 'n virtuele inspeksie van pakhuise en produksie-eenhede wat hulle geselekteer het, versoek. Dit het kameraspanne en tolke vereis wat plekke oral-oor in Suid-Afrika moes besoek. Baie dankie aan Lucentlands se Louise Brodie, Dewald Kirsten en hul spanne vir hul buigsaamheid en 'n 'boer maak 'n plan' houding om die werk gedoen te kry. En aan Elma Carstens wat aangehou het ondanks erge winde van voor.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die lede van die Suurlemoen Fokusgroep het hul voorspelling hersien en dit het 'n afname van 1,3 miljoen kartonne tot gevolg gehad - wat nou aansienlik minder is as in 2020. Berigte uit die veld is dat vrugte na kleiner groottes neig - met baie wat 'n afname in die Valencias se skatting voorspel wanneer dit volgende keer deur die Lemoen Fokusgroep hersien gaan word. Let op die bykomende lyn vir pomelo's om volumes in werklike kartonne (17 kg) te weergee.

| Einde van Week 25 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Voorspelling | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2019** | **2020** | **2021** | **2020** | **2021** | **2021** | **2021** | **2020** |
| Pomelo's (17 Kg) | | | 12 m | | 10.2 m | | | |
| Pomelo's | 12.9 m | 11.8 m | 13.6 m | 9.9 m | 11.7 m | 18 m | 17.5 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 8.5 m | 11.1 m | 17.8 m | 8.8 m | 9.8 m | 30.5 m | 29.7 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 12.7 m | 19 m | 18.8 m | 16.5 m | 15.8 m | 30.2 m | 27.9 m | 29.6 m |
| Nawels | 11.8 m | 13.6 m | 14.5 m | 9.1 m | 9.3 m | 26.3 m | 26.1 m | 26.2 m |
| Valencias | 2.4 m | 3.7 m | 5 m | 1.5 m | 2.4 m | 58 m | 57.6 m | 55.1 m |
| **Totaal** | **48.3 m** | **59.2 m** | **69.7 m** | **45.8 m** | **49 m** | **163 m** | **158.8 m** | **150 m** |